

*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*In die party-politiek word die volk tot onderlinge stryd gemobiliseer.*

# Die O.B.





*In die Ossewa-brandwag word die volk tot onderlinge opheffing gemobiliseer.*

EERSTE JAARGANG. WOENSDAG, 7 OKTOBER 1942. No. 48.

## Bewaar die Vaderlandsbodem en Voed die Volk: Dienslaerstuk

(D.L. 2/42.)

**Ooreenkomstig die tweeledige doel van die O.B.-dienslaers word in onderstaande stuk nou 'n aantal rigtings aangedui vir die verrigting van praktiese volksdiens. Aangesien die man en die vrou elkeen hul onderskeie en besondere taak in ons volkslewe het, moet die aard van hul volksdiens ook verskil. Daarom word aan die hand gedoen dat die mans hul diens toespits op die bewaring en verryking van ons vaderlandsbodem, terwyl die vroue hulle toelê op die behoorlike versorging van ons volk deur gesinsdiens te lewer.**

### A. VIR DIE MANS:

**„Bewaar en Verryk ons Vaderlandsbodem!"**

Die O.B. glo daarin dat dit geen toevalligheid is dat die Afrikanervolk hier op Suid-Afrikaanse bodem ontstaan en wortel geskiet het nie, maar dat dit in die Skeppingsplan van God so bestem was. Om dus aan sy roeping getrou te wees, rus die dure verpligting op elke Afrikaner om sy vaderlandsbodem te beskerm en te verryk. Die Afrikanerdom bestaan nie slegs uit die geslagte wat verby is en dié wat tans leef nie, maar ook uit dié wat nog moet kom. Daarom mag en kan ons nie toelaat dat ons bloedgedrenkte vaderlandsbodem terwille van die selfsugtige belange en ook kortsigtigheid van die huidige geslag en vreemde winsjagters uitgebuit word nie.

Ons, wat tans die voorreg het om as skakels in ons volksketting ons vaderlandsbodem te bewoon en van die vrugte daarvan te geniet, moet nooit vergeet nie dat ons slegs die vruggebruik van die bodem het en dat dit ons plig is om toe te sien dat daardie bodem nie alleen ongeskonde maar ook in 'n beter en vrugbaarder toestand aan ons toekomstige geslagte nagelaat sal word.

Om dus ons eed: „My God, my Volk, my Land Suid-Afrika", ten volle te kan uitleef, is dit 'n ere-saak vir elke offisier en brandwag om ons daaglikse lewe so in te rig dat elkeen van ons teen die einde van ons lewe met 'n skoon gewete kan getuig: „Suid-Afrika, my eie land, ek het jou in my klein kring beter nagelaat as wat ek jou gevind het." Alleen dan sal ons die sekerheid hê dat „die erwe van ons vaders die erwe van ons kinders bly."

Die feit dat sommige van ons in 'n stad woon of dat ons werk van so 'n aard is dat ons nie vir 'n lewensbestaan regstreeks van die grond afhanklik is nie, verminder geensins die verpligting wat daar op ons rus om ons vaderlandsbodem deeglik in stand te hou nie. **Saam met die boer op die platteland het die stadbewoner eweveel belang in die gesonde voortbestaan van die Afrikanerdom, omdat albei deel uitmaak van dieselfde volk en as 'n organiese eenheid binne die volksverband dieselfde bestemming tegemoetgaan.** As die platteland verswak dan ly die volk as geheel daaronder en op die duur verswak dit ook die stede. Om dit te bewys hoef ons nie te ver in die geskiedenis te soek nie.

Diegene van ons wat dus 'n lewensbestaan uit die grond maak, b.v. die boer of die dorpsbewoner wat uit sy groentetuin of vrugteboord lewe, moet sorg dat ons nie die grond uitbuit deur alles daar te wil uithaal en niks daarin terug te plaas nie.

Elke offisier en brandwag beskou homself as in diens van sy volk. By wyse van georganiseerde **laerdiens** word hy nou in die geleentheid gestel om sy lewensbeskouing prakties uit te leef deur o.a. sy deel by te dra tot die bewaring en verryking van ons vaderlandsbodem. Hoe hierdie bydrae kan geskied hang van plaaslike omstandighede af. In elke deel van die land sal dit verskillend wees. In sommige streke by voorbeeld veestreke, mag groot grondverspoelings die brandendste vraagstuk wees, terwyl die handhawing van die grondvrugbaarheid die onmiddellike vraagstuk in saaistreke is. In ander streke is dit miskien skadelike onkruid wat die meeste moeilikheid oplewer. In sommige streke bestaan daar weer 'n groot behoefte aan meer bome en bosse, terwyl in bosryke streke die moeilikheid weer is om daarvan ontslae te raak ten einde die gebiede bewoonbaar te maak.

Om te kan besluit watter vorm die laerdiens moet aanneem, sal elke dienslaer dus eers moet nagaan watter faktor of faktore in sy omgewing die meeste bydra tot die vernietiging en agteruitgang van die bodem. As dit eers vasgestel is kan oor die beste metode van optrede besluit word.

Indien 'n dienslaer by voorbeeld bevind dat die aanplant van bome, bosse of een of ander grassoort die meeste sal bydra tot die verryking van die grondoppervlakte in sy distrik, maar daar is nie duidelikheid oor watter soort boom, bos of gras die geskikste vir daardie streek sal wees nie, kan die hulp van die naaste uitbreidingsbeampte van die Departement van Landbou ingeroep word. Die koste i.v.m. die kweek van die plantjies kan gesamentlik gedra word deur diegene op wie se grond dit uitgeplant word. Hoe die aanplanting sal geskied moet ook na gelang van plaaslike omstandighede gereël word.

Ook kan ons nie vir die dienslaers voorskryf hoe die bestryding van grondverspoeling, uitroeiing van skadelike onkruid, verhoging van grondvrugbaarheid, ens. moet geskied nie. Dit hang alles van plaaslike omstandighede af. Ons kan slegs wys op die moontlike rigtings waarin laerdiens tot die bewaring en verryking van ons vaderlandsbodem kan bydra.

By die verrigting van die laerdiens mag geen selfsugtige belange aanwesig wees nie. Wanneer besluit word oor 'n skema wat aangepak word, moet die deurslaggewende faktor nie wees watter voordeel mnr. so of so daaruit sal haal nie, maar tot watter mate bygedra word tot die instandhouding van die vaderlandsbodem. As dit toevallig op mnr. X. se grond moet geskied dan rus op hom die dure plig om die boompies of gras wat aangeplant is, deeglik te versorg, of om te sorg dat daar nie weer onkruid op sy grond sal kom nie, of dat die maatreëls wat teen grondverspoeling getref is, deeglik in stand gehou sal word. Doen hy dit nie, moet hy tot verantwoording geroep word.

Waar dit vir dienslaers wat in stedelike gebiede saamgetrek word, onmoontlik is om laerdiens op die platteland te reël, kan die aandag gegee word aan die verbetering en verfraaiing van tuine en erwe in die stad. Die meeste van die Afrikaners wat in die stede woon het darem 'n stukkie grond om hul huise. Ongelukkig vind ons dat die erwe en tuine in baie gevalle erg verwaarloos word. Dienslaerlede moet dus aangemoedig word om hul erwe te verfraai deur bome ens. aan te plant en ook deur netjiese blom- en groentetuine aan te lê. Hoewel hulle in stede woon kan hulle op hierdie wyse bydra tot die verryking van ons vaderlandsbodem. Deur self groente te kweek waar dit moontlik is, kan ons gesinne in hierdie tyd van voedselskaarste minder afhanklik gemaak word.

Diegene wat nie tuine het nie, kan hul dienste tot beskikking stel van hul vriende of gesinne

*(Vervolg op bls. 2)*

GESONDHEID IS MEER WERD AS RYKDOM

***Beskerm u Gesondheid en Lewenskrag***

**GEBRUIK**

**LIFEBUOY-GESONDHEID-SEEP**

DIT IS MEER AS 'N GOEIE SEEP—
DIT IS 'N GOEIE GEWOONTE

***'n Produk van***

**LEVER BROERS.**

## BEWAAR DIE VADERLANDSBODEM

*(Vervolg van bls. 1)*

wat deur siekte, ouderdom ens. nie self in die geleentheid is om hul tuine en erwe te bewerk nie. Deur sulke volksdiens help ons ook 'n mede-Afrikaner en openbaar ons 'n gesindheid van „almal vir elk en elk vir almal."

### B. VIR DIE VROUE:

**„My Volk Moet Deeglik Gevoed word!"**

'n Volk mag nie sy voeding verwaarloos nie, want as dit gebeur is die burgers wat so 'n volk voortbring nie 'n bate maar wel 'n las vir die land. Die Ossewabrandwag beywer hom vir die opbouing van 'n gesonde, arbeidsame en lewenslustige volk en daarom is dit ons plig om toe te sien dat elke volksgenoot deeglik en gesond gevoed word.

Op die vrou rus die belangrike taak om die gesinne van ons volk elke dag te voed. Sy moet toesien dat sy die beskikbare geld so spandeer dat sy haar gesin die beste voedsel kan gee. Veral in hierdie tyd wanneer produkte so skaars en duur is, is dit vir die vrou steeds 'n probleem om die nodige liggaamsopbouende voedingsbestanddele op tafel te bring. Daarom is dit noodsaaklik dat die Ossewabrandwag ook die nodige voorligting, raad en leiding in verband met die voeding van ons volk verstrek.

Maar om te begin moet ons eers inligting inwin oor die voedsel wat deur Afrikanergesinne verbruik word. Met die oog hierop word die volgende praktiese volksdiens van die vroulede van die dienslaers verwag:

1. Elke vrou, waar moontlik ook vroue wat nog nie die dienslaers bywoon nie, moet noukeurig aanteken watter voedsel sy gewoonlik in 'n week vir haar gesin voorsit, m.a.w. die spyskaart vir 'n week. Dit moet insluit ontbyt, middagmaal en aandete, en indien tussen die etes iets verskaf word moet dit ook aangegee word. As daar skoolgaande kinders is moet ook hul skoolvoeding aangedui word.

2. Probeer dan om so noukeurig moontlik vas te stel wat daardie week se maaltye gekos het. Probeer ook om die gemiddelde koste van elkeen van die drie maaltye afsonderlik te bereken.

3. Meld hoeveel lede die gesin tel, hoeveel kinders en hul ouderdomme en geslag, en ander afhanklikes, indien daar is.

4. Afgesien van die inligting hierbo gevra, moet ons ook weet hoeveel melk die gesin per week gebruik, hoeveel vrugte en hoeveel groente. Hoeveel groente word rou geëet? Watter soorte groente word die meeste gebruik?

In samehang hiermee moet elke dienslaer ook nagaan of daar in sy omgewing 'n persoon of persone is wat voedingsleer as vak bestudeer het. Meld die naam en adres van sulke persone en verstrek volledige besonderhede oor die kursus wat gevolg is.

Ten einde al die nodige inligting te kan insamel, sal dit die beste wees as 'n aantal vroue uit elke dienslaer verantwoordelik gestel kan word vir die insameling van gegewens en om raad te gee aan diegene wat nie weet hoe te werk gegaan moet word nie. Dogters en ongetroude dames kan hul moeders en ook ander vrouens help om die gegewens aan te teken. Laat dit die strewe van elke dienslaer wees om gegewens van soveel gesinne as moontlik te verkry.

Die inligting wat so versamel word, moet dan so spoedig moontlik aan die bevelvoerende offisier van die betrokke dienslaer besorg word, wat dit dan deur die gewone kanale aan die O.B.-Hoofkwartier moet stuur.

Verder is dit ook baie noodsaaklik dat die byeenkomste van vroue-dienslaers gebruik word om kennis in verband met voeding op te doen en te versprei. Persone wat kennis daarvan dra kan gevra word om die lede daaroor toe te spreek of om demonstrasies te hou. Ook kan aan die Huishoudkunde-afdeling, Departement van Landbou en Bosbou, Pretoria, geskryf word vir inligting in verband met voeding.

Die leuse van elke vroue-dienslaer moet vir hierdie maand wees: „My volk moet deeglik gevoed word!"


# SASBANK

**Verrig Volksdiens!**

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.


*Terme uiters billik.*

*Raadpleeg* SASBANK

| | |
|---|---|
| PAARL:— | Posbus 266. |
| WORCESTER:— | Posbus 57. |
| KAAPSTAD:— | Posbus 2387. |



# KAN U DIT AL SPEEL?



— *Afrikaanssprekende* —

## Suid-Afrika het hiervoor gewag!

Jare lank is daar nou-al geprotesteer teen die uitheemse kaarte........en jare lank smag Jong Suid-Afrika na 'n eg Afrikaanse kaartespel......EN HIER IS DIT NOU—

## Die Ossewa-speelkaarte

Elke kaart het 'n eg Afrikaanse naam en is selfs in ons Afrikaanse kleure, ROOI, WIT, BLOU en GROEN gedruk!

PRESIDENT, BOER, JUKSKEI, REMSKOEN, ens. is 'n paar van die name wat in die spel gebesig word. Geen koste was te hoog, geen moeite te groot en geen lapwerk is geduld om die kaart daar so mooi en netjies as moontlik te laat uitsien nie.

DIE REëLS EN REGULASIES VERGESEL DIE KAARTE!

*ONTHOU* — *Dit sal 'n pragtige Geskenk wees.*

**PRYS 3/6 (4/- Posvry).**

*Bestel van* —

**DIE KAPPIE-BOEKHANDEL**

Posbus 845, DE VILLIERSSTRAAT 15, JOHANNESBURG. Foon 33-6797.



# Schoemannello-Drank

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL. Wanneer u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL. In bottels om van 6 tot 12 bottels van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING. In 5-gelling vaatjies of meer |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/- | 5/- | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/- | — |
| Likeurwyn | 2/- | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo, Rooi | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Jeripigo, Wit | 1/3 | 1/1 | 6/- |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/- | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Pontak | 1/1 | 11d. | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/6 |
| Sjerrie | 10d. | 9d. | 4/- |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 5/9 | 5/- | 26/6 |
| Ekstra Spesiaal | 5/6 | 4/9 | 25/- |
| F.C. | 5/- | 4/3 | 24/- |
| JENEWER | 6/- | 5/- | — |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Anys-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Gemmer-Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Lemoen Brandewyn | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Peperment-Likeur | 5/- | 4/3 | 24/- |
| Van der Hum | 5/- | 4/3 | 24/- |
| **JENEWER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen Jenewer | 6/- | 5/- | — |
| Suurlemoen-Jenewer | 6/- | 5/- | — |

Voeg by 5/- vir kassie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-15-0 beloop. Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissie van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: K.M.B., plus treingeld na sylyne K.B.A., plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

**BESTEL VAN**

**JURGENS SCHOEMAN**

POSBUS 142. OUDTSHOORN.

## „STERKER"

Die volgende brief, gedagteken 11 Augustus 1942, is deur adv. F. C. Erasmus, L.V., Hoofsekretaris van die Herenigde Party in Kaapland, gestuur aan die sekretaris van die distriksraad Vryburg, van die party:

„Waarde Heer,

„Ek merk uit die statistieke opgawe van die distriksraad Vryburg dat daar 'n **groot vermindering** is in die ledetal teenoor verlede jaar. **Verlede jaar was die getal van die distriksraad 1,126 en vanjaar doen u distriksraad storting van 690 lede.**

„Ek wil graag hiermee 'n beroep doen op u tak om dadelik pogings aan te wend om u ledetal aan te vul voor ons Kongres op 18 en 19 September op De Aar, sodat ons, indien moontlik, 'n vermeerdering van ledetal vir u distriksraad kan aantoon. Stuur asb. die nuwe name met storting aan u distriksraad sodat hulle dit aan ons kan stuur."


# *Vir 'n Suksesvolle Loopbaan*

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

***MEER AS 200 KURSUSSE***

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

**Reeds meer as 16,000 Studente** het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook *U* kan dit doen.

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede**

Die Besturende Direkteur
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in..............................

Naam:..............................

Adres..............................

(O.B. 7 Okt. 1942) ..............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

**Helpmekaar**

**KORRESPONDENSIE KOLLEGE**

**Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,**

**JOHANNESBURG.**

**Posbus 3512. Foon 22-3512.**


## GROOTMENSE SE REDENASIE

Die Burger van 28 September probeer om te bewys dat die H.N.P. die Regering se grootste vyand is omdat die **„regeringspers"** meer aanvalle op die partye doen as op die Ossewabrandwag. Om sy stelling te bewys, skryf die blad as volg: „Ons het ons die moeite getroos om die hoofartikels van ses dagblaaie na te gaan en ons vra geen verskoning dat ons **Die Vaderland, propaganda-orgaan van die A.P., die N.O. en die O.B. onder die sestal ingesluit het nie"!**

Gelukkig dat die blad darem besef dat hy verskoning behoort te vra vir so 'n manier van redeneer. Want om te bewys dat die **Regering** se pers die Party meer aanval as die O.B., tel hy ewe gerieflik „die propaganda-orgaan van van die A.P., die N.O. en die O.B." in sy berekening by! Hy verwag tog seker nie dat „die O.B. se propaganda-orgaan" op die O.B. aanvalle moet doen nie!

Maar die eintlike ding waarvoor die blad verskoning behoort te vra, is dat hy die kleilatoorlog tussen die Party en die Regering se Pers wil opweeg teen die daadwerklike oorlog tussen die Ossewabrandwag en die Regering se VERDEDIGINGSMAG met sy tronke en interneringskampe. **Dit maak minder saak hoe vol die Regering se PERS van woorde oor die H.N.P. is, die feit bly dat die Regering se TRONKE en KAMPE uitsluitlik vol is van O.B.-offisiere en manskappe, en daeliks nog voller word. Die WOORDE spreek slegs van veragting, die DADE spreek van vrees.**


VIR ENIG IETS SMAAKVOL EN DEFTIG IN
**DAMES-ROKKE**
besoek
**Steyns**
**PAROW SE NUWE MODERNE SAAK**


## *K.G. SE VERJAARDAG GEVIER IN BLOEMFONTEIN*

Dwarsdeur die Vrystaat is die Kommandant-generaal se verjaardag op 24 September herdenk. Die kommando's het bymekaar gekom om elk plaaslik by wyse van 'n partytjie of geselligheid feestelik hul leier se verjaardag te vier. Die Vrystaatse hoofstad het die voorreg gehad om hom by die geleentheid teenwoordig te hê toe 'n informele geselligheid in die Gedenksaal gehou is.

Meer as 300 persone het opgedaag op uitnodiging van die mans -en vroue kommando's Hou Koers. Die Kommandant-generaal en mev. Van Rensburg, en die Vrystaatse A.K.G., genl. Japie van der Merwe, en sy eggenote was die eregaste. Die funksie is met gebed geopen deur ds. Piet Boshoff, waarna die aanwesiges welkom geheet is deur hoofkomdt. Gustav Radloff. Die gelukwensing is deur genl. Van der Merwe uitgespreek.


Ruikers is aan mevv. Van Rensburg en Van der Merwe oorhandig en 'n pragtige verjaardagkoek gesny en bedien. Komdte. L. van der Merwe het 'n geskenk aan die Kommandant-generaal oorhandig, waarna 'n spontane huldebetuiging gevolg het.

In sy antwoord op die gelukwensing het die Kommandant-generaal gesê dat daar gesê word dat die O.B. dood is; „met ander woorde, dis spoke wat vanaand hier aanwesig is. Ons kan egter die versekering gee dat ons hard gespook het en gaan spook, in die tronke en buite die tronke, in die kampe en buite die kampe."

Met die aankoms van die K.G., is 'n erewag van O.B.-vroue in wit rokke deur komdte. L. van der Merwe opgestel en is hy deur genl. A. Schmidt ontvang. In die saal is hom hartlik „Hou Koers" toegesing deur 'n koor van Brandwag-vroue in wit rokke wat op die verhoog opgestel was.

Na die K.G. se vertrek is die verrigtinge voortgesit met volkspele. Deurgaans het die plaaslike O.B.-orkes opgewekte musiek gelewer.

**ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS**

# REG VIR 'N GROTE!

Vir ware voldoening en tevredenheid het 'n mens nodig gesondheid en welvaart, sukses in sy strewe, 'n aangename tydverdryf en ontspanning, en 'n geruste gemoed — gerustheid dat daar nie net vir die hede gesorg is nie, maar ook vir die TOEKOMS.

'n Geruste toekoms word gewaarborg deur 'n SANLAM-Polis.

**SANLAM**

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE LEWENS ASSURANSIE MPY., BPK.
TAKKE DWARSDEUR DIE UNIE
HOOFKANTOOR WAALSTRAAT 28, KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 7 OKT. 1942.

# Begin by die Bodem

Die tweede dienslaerstuk wat in hierdie uitgawe verskyn, dien as leidraad vir die behoud en verryking van ons vaderlandsbodem. Die metodes wat aanbeveel word, is nog maar beskeie in vergelyking met wat deur die gesagstaat aangepak sal word ná bewindaanvaarding. Dog deur nou al 'n begin te maak en wel deur die volk self, kan die regte gesindheid by ons volkslede aangewakker word afgesien van die groot waarde wat so 'n onderneming op sigself reeds is.

Ons volk se aard en karakter is vir 'n groot mate gevorm deur sy landelike lewenswyse in die verlede. Dit is goed, want die mens is as landbouer geskape en dit is op die land waar die bron van 'n volk se geestelike en fisiese krag opgesluit lê. Hier is sy eerste roeping en dit is hier waar die volste geluk gesmaak word deur hom wat geleer het om liefde te ontwikkel vir die grond en die natuur.

Maar die landbou is ook die grondslag van ons volksekonomie, want ons volk word gevoed uit sy vaderlandsbodem. Om dus 'n geestelik gelukkige en liggaamlik gesonde volk te wees, moet die eerste aandag aan die versorging van ons grond bestee word. **Met die oog hierop sal die gesagstaat van die toekoms ons landsbodem tot sy volste moontlikhede ontwikkel en ontgin. Daar sal gesorg word dat die land sy volle kwota aan mannekrag en produksie dra.**

**Kakamas.**

In hierdie verband is daar reeds 'n treffende voorbeeld deur die N.G. Kerk se onderneming by Kakamas gestel, soos blyk uit 'n rolprentopname wat onlangs in die Boland vertoon is. Wat daar gebeur het en nog gebeur, stem in groot mate ooreen met wat die Ossewabrandwag beoog. Dit was verruklik om te sien hoe die Afrikaanse ondernemingsgees en volharding die aangesig van die ruwe en droë aarde aan die oewers van die Oranjerivier tot vrugbare valleie omskep het waar honderde gesinne vandag 'n kommervrye lewe kan voer. Ons dink by voorbeeld aan die reuse-taak om hoogtes met behulp van water gelyk te spoel en met trekkers plat te sleep; die waterstrome wat weggekeer en deur landerye vervang is; die myle-lange kanale, die stelselmatige uitlê van plasies, die bebouing van die grond en die geleidelike ontwikkeling van 'n eie klein nywerheid in die vorm van meules, vrugteverwerking, ens. Deur hul inspanning en arbeid het hierdie mense onafskeidelik saamgegroei met hul grond en 'n liefde ontwikkel wat selfs nie deur veelvuldige teenspoed getemper sal word in sy onderneming tot verdere verryking van ons vaderlandsbodem nie.

Hierdie volksgenote, baie van wie voorheen swerwelinge op moedverloor se vlakte was, is deur vlyt en dissipline daartoe gebring om 'n positiewe en besielende bydrae te lewer tot ons volksopbou en landsverryking.

**Opvallend was ook die metode van optrede. Sonder om die individuele onderneming en eiendomsin te skaad, is gesamentlike landsdiens verrig in belang van die geheel.** Die verantwoordelikheidsgevoel teenoor die groep is hierdeur bevorder en 'n gemeenskap is opgebou wat voorheen uit losse en swerwende enkelinge bestaan het. Daar het ons reeds in klein die bande van bloed en bodem wat 'n volk saamsnoer tot 'n lewende eenheid.

**Terug.**

Met die gesamentlike wil van die volk en staat sál deur die Ossewabrandwag in hierdie rigting voortgegaan word om ons land om te skep tot 'n vrugbare tuiste van die Boerevolk. Met die groot moontlikhede wat gebied word selfs nog op hierdie beperkte terrein kan al baie gedoen word deur 'n staat wat bekommer is oor die welsyn van sy volk en nie oor die behoud of verowering van politieke setels nie.

**Waar dit die volkstaat ook gaan om die geluk**

*(Vervolg op voet van volgende kolom)*

# Kan Die Vrou Haar Volk Dien Deur Haar Huis?

In hierdie oorlogstyd sal dit seker geoorloof wees om 'n beeldjie uit die oorlog te neem om die huislike roeping van die vrou te verduidelik. In ons hoofartikel van verlede week is aangevoer dat die vrou se lewenstaak in haar huis lê en nie soos dié van haar man daarbuite nie. Ons het ook beklemtoon dat haar werk nie in die minste minderwaardiger is nie, maar net andersoortig. In 'n land soos Duitsland word vandag die hele volk opgeroep tot stryd in die oorlog. Daar is telkens weer beklemtoon hoe die arbeiders tuis in die fabrieke 'n belangrike deel aan die oorlog het. Dit is hulle wat die wapens en voorrade aan die vegtende soldate moet lewer. Niemand sal wil beweer dat daardie fabriekswerker wat veertien uur per dag werk minderwaardiger is as die soldaat nie. Sonder hulle kan die land nie oorlog voer nie en kan geen oorwinnings deur die soldate behaal word nie. Die een vul die ander aan. Tot so 'n mate word die werk tuis waardeer dat die Duitse owerheid onlangs die ysterkruis aan 'n werker toegeken het — 'n onderskeiding wat in die verlede net soldate te beurt geval het. **Daarmee het Duitsland ons stelling onderskryf dat in 'n organiese volkstaat elke volksgenoot 'n besondere taak teenoor die geheel te vervul het, sonder dat die een se werk van minder waarde as die ander s'n geag moet word.**

Net soos die werker aan die tuisfront sy deel tot die oorlog bydra, net so dra die vrou haar deel by tot die opbou van die volk wanneer sy in haar huis haar pligte teenoor haar gesin vervul. Sy bring nuwe burgers in die wêreld, vorm hulle en berei hulle voor vir die taak van die volk. Dit is 'n moeilike dog eervolle taak waarop elke vrou trots behoort te voel.

Die volgende beskouing oor die saak word gegee deur 'n vrou:

Vir my word die vrou se diens versinnebeeld deur die aanhoudende aksie van die branders langs die kus — mettertyd word die hardste rots se aansig verander, die ruwe, harde, ongevormde lyne word versag. So is die vrou en moeder se werk — deur baie as eentonig bestempel — dag na dag byna dieselfde en eers na jare sien mens die vrug.

Die grootste diens wat die vrou deur haar

*(Vervolg op volgende kolom.)*

*(Vervolg van vorige kolom.)*

huis doen is m.i. die opvoeding en vorming van haar kinders sodat hulle waardige lede van die volk kan wees; en om kinders op te voed verg van die moeder Job se spreekwoordelike geduld, want dag na dag en keer op keer moet sy dieselfde ding weer oorsê, daar herhaling al is wat 'n indruk maak.

Goeie maniere, ordelike en gedissiplineerde inrig van werk en spel, dit is alles dinge wat die kind help vorm en opbou tot waardige volksgenote en dit kan die moeder alleen verkry deur herhaaldelik daarop aan te dring dat sekere dinge net op sekere maniere gedoen **moet** word. En kan sy dit alles doen as sy ook 'n beroep **buite** die huis beoefen?

Deur haar huis kan die vrou verder volksdiens verrig as sy haar man besiel om sy dagtaak te doen nie vir homself of sy gesin nie, maar vir sy volk — as hierdie kleinste eenheid werklik voel dat hy 'n deel is van die volk, dan sal die volk ook meer siel en lewe toon.

## BESKULDIGINGS EN FEITE

**Op 22 Januarie 1942 het Die Burger die volgende gesê: „Fondse is nodig om die gesinne by te staan van die talle Afrikaners wat sonder verhoor in interneringskampe opgesluit word. Voorheen is dit deur die Ossewabrandwag gedoen. Vandat die verkeerde koers van die hoofleiding daardie organisasie GEBREEK HET, IS DIT NIE MEER DIE GEVAL NIE."**

**Vandag, agt maande later, kan die Ossewabrandwag ondanks sy doodverklaring aankondig dat hy sedert Januarie hierdie jaar die bedrag van £17,000 ingesamel het vir hulpverlening aan geïnterneerdes. Hierby is NIE ingesluit die reuse-bedrae wat op 8 Augustus ingesamel is nie.**

**Die Party het ook 'n fonds met £100 van dr. Malan begin; toe dit laaste gepubliseer was, het dit op ongeveer £4,000 gestaan.**

*(Vervolg van voorgaande kolom)*

**van sy individuele lede, sal dit deel wees van ons beleid om ook daardie Afrikaner wat waarlik aanleg en liefde vir die boerdery het, maar deur kapitalistiese kragte van die land verdryf is en vandag met pyn in sy siel in goudmyne of ander plekke vir 'n bestaan moet swoeg, terug te neem na die plek waar hy hoort. Die volkstaat met sy organiese gedagte glo aan die geluk van sy lede, en erken ook die noodsaaklikheid dat elke man op sy plek moet wees in belang van homself en die geheel.**

Laat ons by die bodem begin om 'n sterk en gelukkige volk te kweek.

## GROOT VROUEKAMP GEHOU

Van 14 tot 20 September is 'n groot O.B.-vrouekamp op 'n plaas naby Roodepoort, Transvaal, gehou. Meer as honderd vroue, wat onder strenge dissipline staan, het 'n intensiewe kursus deurgaan onder leiding van deskundiges. Onderwerpe soos noodhulp, tuinmakery, invloed van die moeder op die kind, kunsnaaldwerk, volksideale en demokrasie, kinderversorging, ens. is behandel. Hulle is ook toegespreek deur die Kommandant-generaal oor die posisie van die vrou in die toekomstige republiek.

Die kamp het onder toesig van mev. K. Malan, voorsitster van die Vroue-adjunkraad van Transvaal, gestaan.

# HELDEDAG-VIERING

ALLE AFRIKANERS WORD VRIENDELIK UITGENOOI OM SAAM MET DIE

***GENERAALSKAP RETIEF HELDEDAG TE VIER.***

**PAROW MARKPLEIN 10de OKTOBER**

**Vanaf 6 n.m.:**

GESELLIGE VERKEER MET VOLKSPELETJIES, VERVERSINGS en BRAAIVLEIS.

**Vanaf 6.30 n.m.:**

***GESAMENTLIKE SANG, TOESPRAKE, ENS.***

# Heldedag-Viering

**DIE O.B.-GENERAALSKAP WINBURG,**

herdenk

**HELDEDAG**

***OP 7 OKTOBER 1942.***

Ontmoeting van die sprekers,

**Kommandant-generaal J.F.J. van RENSBURG en Prof. L. J. du PLESSIS, L.G.R.,**

om 11.30 vm. met perde-kommando.

**Toesprake 3-uur nm. op die Sportgronde.**

Verversings op Terrein.

**Alle vriende word hartelik uitgenooi.**

# Vergadering Huldig Genl. Hertzog

**'n Ossewabrandwagvergadering van 1,000 mense op Alberton het voorverlede Dinsdag op voorstel van genl. J. A. Smith, Assistent-kommandant-generaal, in stilte eerbiedig opgestaan as 'n betuiging van hul meegevoel met genl. J. B. M. Hertzog wat 'n operasie in die Volkshospitaal in Pretoria ondergaan het.**

Genl. Smith het aan die hand gedoen dat die vergadering net eerbiedig sal opstaan om daardeur meegevoel te betuig vir hierdie ,,groot seun van Suid-Afrika wat op konstitusionele gebied meer gedoen het vir hierdie land as enige ander man.''

Die vergadering wat besonder geesdriftig was, is in die Albertonse stadsaal gehou en deur genl. J. D. Jerling, genl. J. A. Smith en mev. K. Malan toegespreek.

Die Ossewabrandwag, het genl. Smith o.a. gesê, staan nog by die grondslag wat vasgelê is deur dr. Van Rensburg op Elsburg. Die O.B. ken nie partye of groepe nie maar slegs die volk. Hy vra nie hoe jy in 'n sekere jaar gestem het of aan watter party jy behoort nie, maar slegs of jy Afrikaner en republikein is. Die O.B. is besig om deel te neem aan 'n geestelike revolusie wat vandag oor die hele wêreld plaasvind. Afgesien van die uitslag van die oorlog met wapens voel spreker dat daardie revolusie voltooiing nader. Die demokrasie het reeds verloor.

Genl. Jerling het verklaar dat die O.B. toe hy op sy sterkste was in Transvaal 130,000 brandwagte getel het. Hy hoop om eersdaags aan te kondig dat die ledetal weer so groot is. In ieder geval egter glo die O.B. nie in getalle nie maar in gehalte, en die vervolging van alle kante wat aan die gang is, louter en suiwer slegs die beweging. Die Regering kan maar aangaan met vervolging en internering. As hy elke troue lid van die O.B. wil interneer, sal hy die volgende vyf jaar aan die bou van interneringskampe moet bestee.

(Volgens die jongste berigte maak genl. Hertzog goeie vordering ná sy operasie.—Red. Die O.B.)

## ,,Op Eie Pote na Stembus"

Na ons meegedeel is, het die H.N.P.-kandidaat vir die tussenverkiesing in Hottentots-Holland aan verskeie lede van die Ossewabrandwag gesê dat die Distriksraad van die Party reeds bereken het dat hulle sonder die O.B. se stemme kan klaarkom. Dit is darem ten minste konsekwent.

GEVRA

50,000 Afrikaners wat graag hul eie tabak wil rook en wat hul handelaar om „Patriot" sal vra.

VOORBRAND TABAK-MAATSKAPPY (Edms.) Bpk.
Kommissarisstraat 200,
JOHANNESBURG.

KERSFEES-KISSIES

Bespreek dadelik u Kersfeesbestelling KISSIE No. 5, ses bottels wyn en ses ou Brandewyn vir 46/6. Ryloon is betaal na enige Uniestasie. Stuur die kissie en bottels terug en u kry 4/- terug.

Kontant met bestelling of K.O.A.

Vra vir ons Pryslys.

BRINK BROERS BPK, MONTAGU.

MARKAGENTSKAP
Vroeë Môre-Mark
KAAPSTAD

*Betaling geskied onmiddellik, weekliks, maandeliks of soos verlang.*

BESTE HEERSENDE PRYSE.

*MINNAAR & VAN SCHOOR*
Eienaar: GUSTAV RETIEF.
Telefoon 2-0212.

ONS is dwarsdeur die Unie, sowel as buite sy grense, bekend vir goeie drukwerk teen konkurrerende pryse.

BESTE is om ons te raadpleeg in verband met u benodighede. Prysnoterings word gratis verskaf. Enige soort drukwerk van visitekaarte tot geleerde Dissertasies word onderneem.

HOU KOERS NA

Pro Ecclesia-Drukkery,
Drukkers, Uitgewers en Boekbinders.
Die Laan, Stellenbosch.

DE KOCKS se GARAGE
Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Tvl. | Herefordstraat, GROBLERSDAL, Tvl.
Eienaar: D. D. DE KOCK
Agente vir Pontiac en G.M Vragmotors
TOT U DIENS!
V.M.K. AANBEVEEL.

VOLKSKAS
IS U EIE
BANK!

*Fondse oorskry £2,300,000*

Volkskas (Koöperatief) Bpk.
(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:
VOLKSKAS-gebou,
Sentraalstraat,
PRETORIA

Die Volk se Bank.

£1000 vir u Oë

Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.

DUWAS.

*Die Antiseptiese en Helende Oogwas.*

'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.

Van alle Apteke, of direk van

Die Voortrekker-Apteek
Kerklaan, Adderleystraat, Kaapstad. (Posbus 2760.)
Maitlandstraat 37A, Bloemfontein. (Posbus 765.)

MEUBELS
PRYSE STYG VINNIG.
KOOP NOU!
ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.
Werda Meubelhandelaars (Edms.)
Beperk.
Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.
Posbus 210. Foon 2-6806.

VAN ZYLS
HOOFSTRAAT PAARL
MANSUITRUSTERS EN KLEREMAKERS
*Voorsieners in Sportbenodighede*
GROOT VERSKEIDENHEID TENNIS-RAKETTE

MAXPLY FORT .. .. .. .. .. .. ..
MAXPLY TOURNAMENT .. .. .. ..
ALICE MARBLE .. .. .. .. .. .. ..
ALICE MARBLE JNR. .. .. .. .. .. ..
FRED PERRY SPECIAL .. .. .. ..
SWIFT STROKE .. .. .. .. .. .. ..
CLUB .. .. .. .. .. .. .. .. .. ..
KING .. .. .. .. .. .. .. .. .. ..
OLYMPIC .. .. .. .. .. .. .. .. ..

HERSNARING VAN RAKETTE £1-12-6 — BESTE SNARE.
SKRYF AAN ONS VIR 'N KATALOGUS.
OOK OP — — PORTERVILLE

## HULLE KEER TERUG

Korple. M. J. Smit van Bosbokrand, oor Graskop, Transvaal, het 'n brief aan ons gerig waarin sy mnr. J. C. C. Stapelberg en vyf-en-twintig ander Afrikaners wat weer na die Ossewabrandwag terugkeer, verwelkom.

Dit is 'n algemene verskynsel dat honderde Afrikaners se oë tans oopgaan vir die party-politieke euwels en terugkeer na die volksbeweging. Op sommige plekke moes al weer nuwe veldkornetskappe gestig word om die terugkerende lede in te deel.

Veral dr. Malan se jongste weiering om die stryd te staak teen mede-republikeine het die volk se oë oopgemaak, want gevoel word dat as die H.N.P. dit eerlik meen om die volk te red langs die weg van 'n algemene verkiesing, hy nie die samewerking van alle Afrikaners met sulke floue redes sal versmaai nie.

## O.B. „GROEI" DAREM OOK

In die Bloemfonteinse Hou Koers-kommando is onlangs drie dogtertjies Van Varik, Annandale en Maree gebore onderwyl hul vaders „op een of ander manier aan die teenfront is, hetsy in die tronk of elders," word uit Bloemfontein berig. In die berig word ook die „klein hoofkommandantjie Gustav Radloff" verwelkom wat gelyktydig sy verskyning gemaak het.

## GEESDRIF IN TRONK VIR KOMMANDANT-GENERAAL

Dawerende gesang wat tot die hoogste kantore en verste uithoeke van die Johannesburgse magistraatshof deurgedring het, het dr. J. F. J. van Rensburg onlangs begroet toe hy die 58 beskuldigdes in die plaaslike hoogverraadsaak in die selle onder die magistraatshof besoek en elkeen 'n handdruk gegee het.

Na heelwat moeite het die K.G. daarin geslaag om verlof van die hoogste polisie-owerheid te verkry om hulle onder sterk speurderbegeleiding te besoek „en elk 'n handdruk te gee." Hy is egter nie toegelaat om by hulle in die sel te gaan nie, maar moes hulle vanuit die gang deur die tralies groet.

Voordat hy afskeid van hulle geneem het, het hulle „Die Lied van Jong Suid-Afrika" uit volle bors gesing.

## OPBRENGS VAN TWEE OSSE

Die twee Afrikanerosse wat met die oog op 8 Augustus deur komdt. en asst.-hoofkomdte. Herold Lombard van Slagtersnek aan die Ossewabrandwag geskenk is, en wat voor die ossewaentjie in 1938 getrek het, se verkoop het £47-5-0 opgebring.

## DEMOKRATE WERK SAAM

Van Wilgenhoutsdrift, Upington, word berig dat die H.N.P. en Regeringsparty daar saamgewerk het tydens die verkiesing van lede vir die plaaslike beheerrade om sekere lede te laat uitval net omdat hulle lid van die Ossewabrandwag is. Die berig maak selfs melding van sogenaamde Nasionaliste wat terselfdertyd lid is van die Tuisfront!


## HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE

Posbus 660, JOHANNESBURG.

DAHLIAS: „Sonskyn Versameling" 11/- vir 6; 21/- per dosyn. „Sonstraal Uitdaag Versameling" 21/- vir 6.

KRISANTE: Reusagtige Vertoonsoorte fraaiste kleure. 15/6 en 17/6 per dosyn.

PERGRAS: Spesiale Tipe 21/- per sak.

Palms, Heiningbome, Sierbome. Roosplante vir Januarie planting. KATALOGUS GRATIS.

105 Takke 40,000 Lede AVBOB Reserwe-fonds £90,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

BEGRAFNISSE. KISTE. KRANSE. GRAFSTEN


## DIE O.B.-NOODHULPFONDS

Die volgende verdere bydraes in Kaapland tot ons fonds vir hulpverlening aan afhanklikes van geïnterneerdes is aan Die O.B. bekend gemaak.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 4,298 | 4 | 3 |
| Middelburg K.P. Kommando .. .. .. .. .. | 2 | 0 | 0 |
| Augustus bydrae, Knysna Kommando .. .. | 1 | 19 | 6 |
| Grootdrink Manne-Kommando en Oranje Vroue-Kommando | 11 | 0 | 6 |
| Vriend Swellendam .. .. .. .. .. .. .. .. | 1 | 0 | 0 |
| Offergeld, Boer, Kaapstad .. .. .. .. .. .. | 6 | 0 | 0 |
| Ceres Vroue-Kommando .. .. .. .. .. .. .. | 10 | 14 | 4 |
| Lys 259 Manne- en Vroue-Kommando's Kenhardt | 10 | 1 | 6 |
| Mnr. J. P. Hugo, Worcester .. .. .. .. .. | 1 | 1 | 0 |
| Penkoppe Konsert, Sutherland .. .. .. .. .. | | 7 | 0 |
| Vriend, Sutherland .. .. .. .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| Lys 620, Kaapstad Manne-Kommando .. .. | 5 | 11 | 6 |
| Maandelikse bydrae Vroue-Kommando Robertson | 3 | 1 | 0 |
| Lys 175 en 176 Manne- en Vroue-Kommando De Hoop—Armoed | 12 | 0 | 0 |
| | £4,363 | 10 | 7 |

TRANSVAAL TOT 19 SEPTEMBER.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. .. | 8,406 | 11 | 8 |
| Kwitansie No. 556 Bydrae .. .. .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| „ „ 557 Kommando 3B1 .. .. .. .. | 4 | 12 | 0 |
| „ „ 559 Kommando 9C3 .. .. .. .. | 1 | 14 | 6 |
| „ „ 561 Kommando 9A6 .. .. .. .. | 3 | 12 | 6 |
| „ „ 562 Kommando 2B5 .. .. .. .. | | 10 | 0 |
| „ „ 563 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. | 10 | 0 | 0 |
| „ „ 564 Kommando 2A1 .. .. .. .. | 4 | 10 | 0 |
| „ „ 565 Genl. 3 .. .. .. .. .. .. | 23 | 17 | 6 |
| „ „ 566 Kommando 9A3 .. .. .. .. | 21 | 8 | 10 |
| „ „ 567 Kommando 9C1 .. .. .. .. | 4 | 0 | 0 |
| „ „ 568 Kommando 9C2 .. .. .. .. | 2 | 8 | 0 |
| „ „ 569 Kommando 9C5 .. .. .. .. | | 12 | 0 |
| „ „ 570 Kommando 13B1 .. .. .. .. | 5 | 13 | 6 |
| „ „ 571 Kommando 3C6 .. .. .. .. | 3 | 10 | 0 |
| „ „ 572 Bydrae .. .. .. .. .. .. .. | 2 | 18 | 6 |
| „ „ 574 Kommando 2C2 .. .. .. .. | 1 | 10 | 0 |
| „ „ 575 Kommando 5A1 .. .. .. .. | 12 | 10 | 0 |
| „ „ 575 Kommando 5A2 .. .. .. .. | 4 | 2 | 6 |
| „ „ 575 Kommando 5A3 .. .. .. .. | 13 | 13 | 9 |
| „ „ 575 Kommando 5A4 .. .. .. .. | 3 | 0 | 0 |
| „ „ 575 Kommando 5A5 .. .. .. .. | 4 | 13 | 0 |
| „ „ 575 Kommando 5A6 .. .. .. .. | 5 | 0 | 0 |
| „ „ 575 Kommando 5B1 .. .. .. .. | 4 | 13 | 6 |
| „ „ 575 Kommando 5B3 .. .. .. .. | 11 | 12 | 6 |
| „ „ 575 Kommando 5B4 .. .. .. .. | 4 | 4 | 6 |
| „ „ 575 Kommando 5C1 .. .. .. .. | 22 | 3 | 6 |
| „ „ 575 Kommando 5C2 .. .. .. .. | 18 | 0 | 0 |
| „ „ 575 Kommando 5C4 .. .. .. .. | 9 | 12 | 0 |
| „ „ 575 Kommando 5C5 .. .. .. .. | 7 | 0 | 0 |
| „ „ 576 Kommando 5 .. .. .. .. .. | 25 | 0 | 0 |
| „ „ 577 Kommando 10C .. .. .. .. | 29 | 19 | 6 |
| „ „ 578 Kommando 14 .. .. .. .. | 3 | 14 | 4 |
| „ „ 580 Kommando 1B .. .. .. .. | 8 | 7 | 8 |
| „ „ 581 Kommando 1A2 .. .. .. .. | 1 | 14 | 0 |
| „ „ 582 Kommando 1A4 .. .. .. .. | 2 | 2 | 0 |
| „ „ 583 Kommando 8C4 .. .. .. .. | 41 | 8 | 3 |
| „ „ 584 Kommando 2A4 .. .. .. .. | 1 | 6 | 8 |
| „ „ 585 Kommando 1B4 .. .. .. .. | 1 | 9 | 6 |
| „ „ 586 Kommando 1B3 .. .. .. .. | 3 | 8 | 6 |
| „ „ 587 Kommando 3C4 .. .. .. .. | 11 | 12 | 0 |
| „ „ 588 Kommando 2A2 .. .. .. .. | 1 | 5 | 0 |
| „ „ 589 Kommando 9A1 .. .. .. .. | 1 | 10 | 0 |
| | £8,729 | 13 | 6 |

## GEBOORTE

DU PLESSIS:— Aan mnr. en mev. (Korporale) Willie du Plessis, Sentrale Garage, Paarl, 'n fris Brandwagdogter op 23 Sept. 1942. Naas die Heer, dank aan doktor en verpleegster.

## DANKBETUIGING

HIERMEE wens ons die Manne- en Vroue-Kommando's van die Ossewabrandwag, Porterville, hartlik te bedank vir die blyke van deelneming met die afsterwe van ons vader, brandwag Jan Ras (Snr.). **Die Kinders.**


## BENODIG

ONMIDDELLIK benodig 'n flukse persoon om 'n Trekker te bestuur. Ondervinding nie nodig. Doen aansoek by: **Kriel se Garage, Rawsonville.**

## GEVRA

ONGETROUDE jongman om behulpsaam te wees met insameling van graanoes. Indien applikant bekwaam is, kan betrekking permanent wees. Aanvangsalaris £3 per maand met vry inwoning. Rig aansoeke voor einde Oktober aan:— **J. v. N. Eksteen, Hartebeesrivier, P.K. Buffeljachts.**

## TE KOOP

SAAD-AARTAPPELS:— Koop goeie gesonde saad van „Up-to-date" en „King of Gartus," — Eiergrootte 21/6, en „Up-to-date" okkerneutgrootte 20/-. U sal tevrede wees. V.O.S. Petrusburg. **J. F. VENTER, Boesmanspnt, Petrusburg, O.V.S.**

BOTTELVORMIG Speelskete, 3/6 per paar; Dubbelkop, 5/6 per paar. K.M.B. of K.B.A. gelewer George Stasie. **C. J. Zwiegelaar, Watt's-gebou, George.**

## TE KOOP

BOME: Geokkuleerde Pekaan-neutbome, Tung, vrugte en Rose. 20 jaar gevestigde besigheid. Bank: Volkskas, Pietermaritzburg. Skryf vir Katalogus. **BUDMANSE EDENVALE KWEKERY, EDENVALE NATAL.**

## TE KOOP

BEPROEFDE jong Suffolk-Ram geteel van ingevoerde Stamboek-ouers. Gewig byna 200 lb., teen £7-10-0 te koop by: **P. S. Bredell, Eendevoëlvlei, Helderberg, Firgrovestasie.**


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 816, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.


## SOUT TE KOOP

BRANDWAGTE, om 'n eerlike bestaan te maak, vra ek u vriendelike ondersteuning deur van my sout te bestel. AI 4/6, No. 1 4/-, fyn bottersout 6/6 per sak, 200 pond, fyn bottersout 3/6, 100 pond. Gelaai Soutpan. **Martie Venter, Possak Arbeidsloon, BLOEMFONTEIN.**

## KORRESPONDENSIEKURSUS

AFRIKANERS LUISTER HIER! — Hier is die gans wat vir u die goue eiers sal lê: Bestudeer ons Korrespondensiekursus in Boekhou deur medium van Afrikaans of Engels slegs vier maande lank en word dan 'n gekwalifiseerde Boekhouer met 'n goeie salaris. Ons kursus is goedkoop en doeltreffend. Ons waarborg uitmuntende resultate. Ons spesialiseer ook in Natuurgenesing, Liggaamsbou, Skoonheidskultuur, Magnetiese Persoonlikheid en Energieboukursusse. Laasgenoemde kursusse word gratis uitgereik aan ons Boekhoustudente. Besonderhede gratis van: **Unie-Boekhou-kollege, Posbus 32, Alexandria.**

G. A. FICHARDT, BPK.

MASJINERIE, YSTERWARE EN PRODUKTE HANDELAARS

Foon 760 BLOEMFONTEIN Opgerig 1848

Foon 62 Posbus 53

HEILBRON

OM te weet dit is die plek waar u kan koop na u smaak en sover u beurs dit toelaat

BETEKEN oneindig veel vir u, waar u met vriendelikheid bedien word in u eie taal.

DIE MODERNEWINKEL

La Belle Alliance

Privaat Hotel.

DIE AFRIKANER SE TUISTE

*alle moderne geriewe*

Billike Terme

Eienares: Mev. P. J. RETIEF,

Foon 2-3833

*Ons ontmoet alle Treine.*

Kloofstraat, KAAPSTAD.

*AFRIKANER-KLEREMAKER!*

Foon 5-1486

● Vir u volgende Pak ● Billike Pryse

● Werk Gewaarborg ● Beste Materiaal

N. C. KOCH

Soutriviérweg 52 — Soutrivier

S. J. KRYNAUW

Algemene Handelaar en Produkte Koper.

Spesialis in Dames Tabberds en Manspakke

Mans en Dames Skoene

Kruideniersware teen die billikste pryse

Bestellings word opgeneem en onmiddellik by u huis afgelewer

H/v. NUWE- en GARCIASTRAAT,

Foon 68 — Posbus 54

BEAUFORT-WES

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS